

# Van behoeftes na bates: identifisering van bates by 'n voor-skoolse leerder met serebrale gestremdheid

Irma Eloff & Heloise Briedenhann

Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria

## SUMMARY

### *From needs to assets: identifying assets in a pre-school learner with cerebral palsy*

*The purpose of this study was to identify the assets of a pre-school learner with cerebral palsy. The asset-based approach was used as a theoretical framework. The assets extended beyond the individual assets and encompassed the wider community assets as well. The research had as a fundamental premise the acceptance that each individual and community possesses assets, which are useful on numerous levels. The 40 Developmental Assets, as conceptualised by the "Search Institute of Minneapolis" (Roehlkepartain & Leffert 2000), served as key elements for the cartographic listing of assets. The identification of the assets was done transdisciplinary and an instrumental case study was used to identify assets in a multi-methodical way. The results of the study indicate that, at the commencement of the research process, the learner exhibited limited developmental assets (27,5%). Assets amounting to 82,5% were manifested at the conclusion of the research process. Therefore, 55,5% new assets had been identified and mobilised. This enabled the learner to make an extended contribution to the community, as well as widen her own learning experiences. Once the processes of identification and mobilising had been concluded, it became apparent from the results that the parents too were empowered by the asset identification process and that they were contributing positively in the community as a result of the process.*

## INLEIDING

### Inleidende oriëntering

Die dominante benadering tot hulpverlening en ondersteuning aan leerders met serebrale gestremdheid<sup>1</sup> is behoefte-gebaseer. Die voordeel van 'n behoefte-gebaseerde benadering is dat professionele dienste soos fisio-, arbeids- en spraakterapie binne die bereik van die leerder met serebrale gestremdheid is, aangesien hulpverlening en ondersteuning rondom die leerder se behoeftes beplan en verskaf word. Die dienste in spesiale skole en buitengewone onderwys<sup>2</sup> is oorwegend staatsgesubsidieer en is dus bekostigbaar vir ouers. Leerders moet dikwels twee tot drie maal per week terapie ontvang en heelwat leerders se ouers werk voldag, wat dit vir hulle moeilik maak om die leerders na privaat persone of instansies te neem. Die nadeel, daarteenoor, is dat terme soos verstandelike, fisiese en serebrale gestremdheid algemeen vir leerders met 'n gestremdheid gebruik word. Die problematiek van hierdie terminologie is dat 'n leerder se individuele gestremdheid 'n algemene etiket is wat geredelik verstaan word asof dit die leerder as geheel beskryf. Dit gee aanleiding tot persepsies dat die leerder in die geheel "abnormaal" is. Die ander eienskappe waarin die leerder dieselfde as ander "normale" leerders is, word dan dikwels misgekyk.

In hierdie studie is daar gepoog om 'n alternatiewe raamwerk (en vertrekpunt) te verskaf aan die hand waarvan 'n leerder met serebrale gestremdheid beskou kan word. Daar is gepoog om die bates te identifiseer wat met 'n leerder met serebrale gestremdheid geassosieer kan word. Die bate-gebaseerde benadering neem 'n sosiale, holistiese siening in en fokus op die vaardighede, bates en talente binne die sosiale sisteem (Eloff & Ebersöhn 2001:4). Kretzmann en McKnight (1993:12) beskryf die bate-gebaseerde benadering as 'n "bottom-up" benadering. Dit beweeg weg van 'n diensverskaffingsperspektief na 'n bemagtigingsperspektief. Dit behels die wegbeweeg van professionele dominansie na voorkoming en intervensie deur gemeenskapsbetrokkenheid, vennootskap en samewerking. Holmstrom (1996:2) noem die volgende ten opsigte van die bate-gebaseerde benadering:

... those children with more developmental assets in their lives, such as family support, friendship, skills, achievement, motivation, and service to others, will be less likely to slip into at-risk behavior.

Dianna Hatfield in Hein (1999:4) noem dat:

... the more assets children have the more they thrive, no matter if they are from upper income or lower-income; what makes the difference is how many good things there are in their lives.

Judy Taccoma gee die volgende aanhaling in Savoye (2000:2) as 'n rede vir die sukses van die bate-gebaseerde benadering:

... It is very upbeat and pro-kid, as opposed to targeting problem kids and finding a fix for them, or assuming the counselor down the hall will take care of it. This is a way for the whole community to play a role and prevent problems before they arise.

Bates word beskou as sterk punte, kapasiteite en hulpbronne wat in individue of die sosiale omgewing teenwoordig kan wees.

Die bate-gebaseerde benadering het die afgelope vyftien jaar wêreldwyd ontplooi tot 'n gesogte benadering ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling. Navorsing oor die toepassing van die bate-gebaseerde benadering in die veld van Opvoedkundige Sielkundige, veral binne die Suid-Afrikaanse konteks, is egter steeds redelik beperk. Tot dusver is daar ook beperkte studies uitgevoer ten opsigte van bates by leerders met serebrale gestremdheid (Briedenhann 2003; Smuts 2004). Die bate-gebaseerde benadering bied 'n metode om intervensie met die leerder met serebrale gestremdheid op 'n meer innoverende wyse aan te pak. Hierdie studie het gepoog om 'n bydrae in dié verband te lewer.

## **Die terrein van vroeë kinder-intervensie vir die leerder met serebrale gestremdheid**

Die tradisionele intervensie met 'n leerder met serebrale gestremdheid sluit in terapie soos fisio-, arbeids-, spraakterapie en 'n breër kombinasie van fisiese en sosiale stimulasie. Alhoewel hierdie siening inskakeel by die huidige konsep van vroeë intervensie, het die fokus gedurende die 1990's geskuif na 'n klem op die ondersoek van breër aspekte. Dit sluit in gesins- en gemeenskapsgesentreerde benaderings en funksionele uitkomst, wat in kontras is met die tradisionele assessering wat kliënt-gesentreerd is en wat van normgebaseerde en gestandaardiseerde toetse gebruik maak om bepaalde ontwikkelings, vaardighede en prestasies te assesser. Die identifisering van bates by die leerder met serebrale gestremdheid kan 'n bydrae lewer tot 'n meer innoverende wyse van assessering en intervensie.

Vroeë kinder-intervensie bied 'n unieke geleentheid om die ontwikkeling van hierdie leerder te beïnvloed, 'n geleentheid wat langtermynvoordele inhou vir almal wat by die leerder betrokke is.

Suksesvolle vroeë kinder-intervensie is volgens Guralnick (1997:345) in die volgende aspekte geleë:

- Dit sentreer rondom dit waaroor die gesin beskik om die leerder by te staan.
- Dit moet sy grondslag binne die plaaslike gemeenskap vind.
- Dit moet in staat wees om transdissiplinêr te werk.
- Dit moet in staat wees om die dienste van die verskillende diensverskaffers binne die sisteem te koördineer.

Daar het in die afgelope paar jaar 'n toenemende bewuswording gekom van die belangrikheid van die vroeë kinderjare. Opvoedkundiges het oortuigend aangetoon dat die voorskoolse jare van kardinale belang is vir die optimale ontwikkeling en leer van die leerder. In die geval van 'n leerder wat gestremd is, is die vroeë kinderjare van nog groter belang. Vroeë kinder-intervensie is koste-effektief, dit bevorder ouer-kind-verhoudings en dit bied belangrike ondersteuning aan ouers. Wanneer daar na die leerder in terme van bevoegdheid, sterk punte, talente, ensovoorts gekyk word, word die leerder se potensiaal vir die toekoms erken en ontgin. Die visie vir die leerder se toekoms kan nie sonder die gesin, familie, vriende en die gemeenskap geskied nie. Die gesin is veral belangrik omdat, soos Wilson (1998:11) dit stel: "the family provides the context and continuity for the ongoing development of the life and learning goals for the child."

Die volgende stelling reflekteer die kern waarom programme van vroeë kinder-intervensie vir leerders met serebrale gestremdheid, asook leerders met ander verwante gestremdhede en hulle gesinne, ontwikkel is: "Every child has to live with a caregiver who can facilitate the child's early development to the upper levels of the child's ability" (Conner, Williamson & Siepp 1978:25).

### **Die vroeë kinder-intervensieprojek**

Hierdie studie vind sy grondslag binne 'n navorsingsprojek wat deur die Sentrum vir Alternatiewe en Aanvullende Kommunikasie, Universiteit van Pretoria, geïnisieer is, en wat fokus op vroeë kinder-intervensie. Die ontwikkeling van 'n transdissiplinêre meestersgraad in vroeë intervensie is deur die Universiteite van Pretoria en Durban-Westville onderneem. Dit het aanleiding gegee tot die ondersoek na 'n benadering wat in kontras is met die tradisioneel aanvaarde benaderings, wat fokus op behoeftes en probleme. In die proses van die ontwikkeling van hierdie meestersgraad het die bate-gebaseerde, familie-gesentreerde en transdissiplinêre benaderings onder die soeklig gekom. 'n Opvoedkundige-Sielkundetaakgroep is gestig om bogenoemde vraagstukke vir die spesifieke vakgebied te ondersoek. Vanuit dié taakgroep is daar tot die besef gekom dat daar in Opvoedkundige Sielkunde min studies ten opsigte van die bate-gebaseerde benadering is. Die navorsers se betrokkenheid by hierdie projek het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die uitdagings van vroeë kinder-intervensie in Suid-Afrika vereis 'n benadering wat fokus op dit wat in 'n sisteem beskikbaar is (met ander woorde sterk punte, hulpbronne en kapasiteite) eerder as 'n uitsluitlike fokus op die tekorte van individue en die sisteem.

### **PROBLEEMSTELLING**

Hierdie studie het die volgende navorsingsvraag beantwoord: Wat is bates by 'n voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid?

### **NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE**

Ten einde die bates van die voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid te identifiseer en na te vors, is gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp, met spesifieke verwysing na 'n instrumentele gevallestudie as 'n metodologiese keuse.

Vir die doel van die studie is daar tydens die navorsingsproses van beide 'n interpreterende en sosiaal-konstruktivistiese perspektief gebruik gemaak (Denzin & Lincoln 2000). Tydens die navorsingsproses is 'n gevallestudie vanuit 'n bate-gebaseerde teoretiese raamwerk gebruik. Hierdie studie was 'n instrumentele gevallestudie, soos beskryf in Denzin en Lincoln (2000:437) aangesien "... a particular case is examined mainly to provide insight into an issue or to redraw a generalization".

Die funksie van 'n gevallestudie is om 'n spesifieke konteks, situasie, gemeenskap, persoon, ervarings of sisteem vir die leser te onthul (Creswell 1998:61). Die volgende eienskappe het hierdie navorsing gekenmerk as 'n gevallestudie:

- Die "geval" is geïdentifiseer – 'n leerder met serebrale gestremdheid wat in 'n skool vir buitengewone onderwys is (enkel-gevalontwerp), met 'n enkele narratief oor die geval, sy temas en die interpretasies.
- Die geval was 'n "gebonde sisteem", gebonde aan tyd (9 maande vir die insameling van data) en plek ('n enkele skool).
- Daar is gebruik gemaak van uitgebreide veelvoudige bronne van inligting in die versameling van data om 'n in-diepte en gedetailleerde beeld van die geval te voorsien.
- Omvattende tyd is afgestaan aan die beskrywings van die konteks wat die geval omgewe.
- Daar is gebruik gemaak van 'n holistiese analise om die bates te identifiseer ten einde 'n batelys vir hierdie leerder saam te stel.
- Die verskynsel of geval is in haar natuurlike omgewing bestudeer.

### **Selektering van deelnemer**

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef met die selektering van die deelnemer. McMillan en Schumacher (1997:397) beskryf hierdie metode soos volg: "...selecting information-rich cases for studying in-depth when one wants to understand something about those cases without needing or desiring to generalize to all such cases." Hierdie studie was konteksgebonde en die deelnemer aan die studie (die leerder met serebrale gestremdheid) is beskou as eksemplaries van 'n hoërisikogeval wat binne die groep van vroeë kinder-intervensie val. 'n Vierjarige leerder met serebrale gestremdheid wat 'n skool vir buitengewone onderwys bywoon, is geselekteer.

### **Agtergrond van die deelnemer**

Die leerder is die enigste kind van die ouers. Die ouers is gedurende 2001 geskei. Die leerder is op 33 weke gebore met 'n geboortegewig van twee kilogram. Die leerder was 'n maand in die hospitaal voordat die ouers haar kon huis toe neem. Die leerder het vir vyf maande koliek gehad. Op tien maande kon die leerder nog nie haar eie bottel vashou of sit nie. Die ouers het 'n arbeidsterapeut geraadpleeg om vir haar oefeninge te gee. Die arbeidsterapeut het die ouers na 'n dokter verwys wat hulle meegedeel het dat die leerder breinskade opgedoen het, omdat die kroondate te vroeg toegegroei het en erge drukking veroorsaak het. Sy het ook 'n suurstoftekort gehad. Die diagnose wat van die leerder gemaak is, was dié van 'n spastiese diplegie, wat nie in staat is om te loop nie. Sy het geringe spastiese aantasting van die linkerarm en het verskeie ontwikkelingsagterstande. Die uitspraak is gemaak dat sy nooit sal kan loop nie. Hulle was ook nie seker of sy ooit 'n pen sal kan vashou nie. Haar spraak is normaal. Die leerder was gereeld in die hospitaal en die vader noem dat sy 'n vrees vir hospitale en dokters ontwikkel het.

Die moeder se aanvanklike beskrywing van haar kind was die volgende: "Sy is versukkeld, sy gaan swaarkry, sy sal nooit kan trou nie en sy sal nooit 'n werk hê nie." Die moeder het genoem dat sy as moeder hartseer, hulpeloos en magteloos gevoel het. Die toekoms het sy gesien as: "... die lang pad. Ander kinders is vroeër uit hulle ouers se arms. Ek gaan vir ewig met 'n kind in my arms sit." Die

vader se aanvanklike beskrywing van sy kind was die volgende: “Ek het gevoel sy het beskerming nodig, en dat ek dit vir haar sal gee. Seker omdat ek haar so jammer kry.” Die vader het genoem dat hy wanhopig en verbitterd was.

Die leerder is gedurende Januarie 2002 by ’n skool vir buitengewone onderwys opgeneem. Die aanvanklike observasie van die leerder was dié van ’n huilende kleuter wat nie met haar klasmaats wou sosialiseer nie. Die ouers, onderwyseres, arbeids-, spraak- en fisioterapeut is ook as deelnemers vir hierdie studie geselekteer omdat hulle oor die nodige kennis en inligting van die verskynsel, naamlik die bates van die voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid, beskik. Hulle was ook op ’n gereelde basis in kontak met die leerder. Die leerder het twee maal per week arbeids-, spraak- en fisioterapie in skooltyd ontvang.

### **Plek van die navorsing**

Die fokusgroepe, deelnemende observasies, informele onderhoude en terapie met die leerder het plaasgevind by ’n skool vir buitengewone onderwys in Tshwane. Die skool is een van die grootste leersentrums vir leerders met leerhindernisse in die land. Die skool is gemoed met die opvoeding en onderrig van leerders met serebrale gestremdheid, leerders met permanente fisieke gestremdheid, leerders met metaboliese afwykings of sindrome, wat steeds baat kan vind by die gewone akademiese program, en ook leerders met leergestremdheid.

Die fokusgroepe en individuele onderhoude het plaasgevind in die spelterapielokaal van die sielkundiges. Die terapie is in ’n lokaal by die skool onderneem. Die observasies van die deelnemer het veral tydens spel- en klastyd in die deelnemer se klaskamer plaasgevind. Dit verseker ’n ontspanne en meer betroubare waarneming – aangesien die deelnemer in haar daaglikse mees natuurlike situasie is.

### **Rol van die navorsers**

Navorsers as deelnemende waarnemers word in ’n kwalitatiewe navorsing deel van die waargenome en word deur die waargenome beïnvloed. Leedy (1997:157) stel dit soos volg: “Case study researchers often assume an interactive role with their participants, becoming personally involved with the people and phenomenon being studied.” Die navorsers se rol tydens die navorsing het die volgende ingesluit:

- Tree op as fasiliteerder tydens die fokusgroepe.
- Skep ’n rustige en ontspanne atmosfeer tydens die onderhoude.
- Sorg dat alle toerusting wat gebruik is, in ’n werkende toestand is.
- Laat aan die deelnemers genoeg ruimte om eie besluite te neem en om direk betrokke te raak by die insameling van data.
- Volg deurgaans die etiese kode van ’n navorsingstudie (eerlikheid ten opsigte van die doel van die studie; vertroulike hantering van inligting; die nodige toestemming van betrokkenes asook van die skool is verkry en die deurgee van die resultate is deur middel van ’n tweede fokusgroep verseker en geverifieer).

### **Strategieë om data in te samel**

Data is oor ’n periode van 9 maande versamel deur middel van:

- **Deelnemende observasie.** Leedy (1997:107) noem: “By observing the specifics of a situation, qualitative researchers hope to increase their understanding of the broader phenomenon of which the situation is an instance.” In dié navorsing is deelnemend betrokke geraak

wanneer daar tydens klassessies meer direk betrokke geraak is by die aktiwiteite. Indirekte observasie het plaasgevind tydens sommige ander klassessies, waar die deelnemer onopsigtelik van die kant geobserveer is terwyl veldnotas geneem is.

Dit was egter nie moontlik om alles wat geobserveer is, te memoriseer nie. Daar is sterk gesteun op veldnotas wat tydens observasie gemaak is. Daar is ook foto's geneem om die bates wat geobserveer is, vas te lê.

- **Fokusgroep.** Daar is gebruik gemaak van die groep-administratiewe metode en self-voltooid metode soos uiteengesit in Kretzmann en McKnight (1996:5). Die groep-administratiewe metode, oftewel die fokusgroep, behels dat groot groepe op een slag bymekaar gekry is vir die identifisering van die bates. Die self-voltooid metode is waar elke deelnemer gevra is om onafhanklik bates te identifiseer. Beide prosesse is koste-effektief. Daar is in hierdie studie van al die moontlike informante in die deelnemer se lewe gebruik gemaak om deel te neem aan die groep. Daar is twee groepe gehou – aan die begin en aan die einde van die navorsingsproses. Die eerste groep was 'n inleidende groep waartydens inligting deurgegee is van wat van deelnemers in die studie en die proses verwag word. Sodoende is 'n kontekstuele basis geskep vir die navorsing. Die tweede groep het sterker gefokus op die identifisering van bates. Die moeder, vader, grootouers, onderwyser en terapeute (fisio-, arbeids- en spraakterapeut) is as informante gebruik.

Tydens die fokusgroep het een van die navorsers as fasiliteerder van die proses opgetree. Verskeie vrae is gestel om as riglyn vir die sessie te dien. Die temas vir die identifisering van die bates is gekategoriseer volgens die 40 Ontwikkelingsbates soos uiteengesit in die werk van Roehlkepartain en Leffert (2000). Dit sluit onder meer aspekte soos hoë selfagting, ondersteunende familie of 'n positiewe toekomspektief in. Elke deelnemer het die geleentheid gekry om te sê wat hy geobserveer het en dan is daar 'n gesamentlike besluit geneem oor die relevantheid daarvan vir die batelyst. Slegs die observasies en idees wat deur die hele span geobserveer is, is neergeskryf. Die “Circle of Friends” (hierna: vriendskapskring) is as tegniek gebruik om bates vir die batelyst te identifiseer. Dié metode behels dat soveel as moontlik van die leerder se familie, vriende en sosiale netwerke bymekaar gebring en neergeskryf word.

- **Gesprekvoering met die ouers.** Informele gesprekvoering is deur die loop van die data-insamelingsproses met die onderskeie deelnemers en informante gevoer. Gedurende die informele gesprekvoering met die ouers is daar per geleentheid van die “3R”-model (“Remediate, Redefine and Re-educate”), soos uiteengesit deur Shonkoff en Meisels (2000:150), gebruik gemaak. Sodoende is nuwe perspektiewe ten opsigte van hulle siening van hul kind voorsien en ontwikkel.

Daar is altesaam nege sessies met die ouers gehou. Tydens die sessies is besef dat die ouers leiding en onderskraging benodig. Die ouers speel 'n kardinale rol in die leerder se leerervarings en in die wyse waarop sy met haar omstandighede vrede maak. In die lig hiervan was dit nodig om die verandering in die ouers se persepsie ten opsigte van die leerder met serebrale gestremdheid te herdefinieer. Tydens die herdefiniëringsproses (3R-model) is daar gepoog om die ouers se vorige persepsie van hulle kind te herdefinieer.

- **Narratiewe terapie.** Daar is 'n reeks narratiewe terapiessessies gekombineer met biblioterapie en “sand-tray therapy” (11 sessies) met die deelnemer onderneem. “Narrative therapy moves the expertise towards the client and searches for unique outcomes that define so-called

deficits in an alternative way” (Zimmerman & Dickerson 2001:130). Narratiewe terapie is ’n gekodifiseerde terapeutiese benadering waar daar gefokus word op die eksternalisering van die probleem en ’n beklemtoning van ’n alternatiewe “storie” wat nie probleem-gedomineer is nie. In hierdie studie is die leerder se bates tydens elke sessie vir haar opgenoem of is daar vir haar gevra om dit te doen. Daar is van verskeie stories (biblioterapie) gebruik gemaak om die alternatiewe storie (bate-gerig) by die leerder te bewerkstellig. Selfspraak wat positief gerig is, is ook gebruik.

Uit die verhale en gesprekke is temas en bates geïdentifiseer soos wat die deelnemer dit beskikbaar gestel het. Dit is ook gebruik vir die samestelling en ontwikkeling van die batelyst.

### Induktiewe data-analise

In hierdie studie is veelvuldige bronne van data afsonderlik geanaliseer ten einde ’n wye veld vir die batelyst te dek en soveel bates as moontlik te identifiseer.

**TABEL 1:** Bron van data, metode van data-insameling en die analiseringstegnieke

<b>BRON VAN DATA</b>	<b>METODE VAN DATA-INSAMELING</b>	<b>ANALISERINGSTEGNIEKE</b>
Ouers en grootouers	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Informele onderhoude</li> <li>• Storievertelling</li> <li>• Fokusgroepe</li> <li>• Oudiovisuele opnames</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Response word in detail opgeteken om temas, metafore, konsepte van bates saam te stel</li> <li>• Tema-analise van die verhale</li> </ul>
Onderwyseres en terapeute (fisio-, arbeids- en spraakterapeut)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oudiovisuele opnames</li> <li>• Fokusgroepe en informele onderhoude</li> <li>• Aantekeninge van onderhoude en observasies van sessies</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Response word in detail opgeteken om temas, metafore, en konsepte van bates saam te stel</li> <li>• Tema-analise van die verhale</li> </ul>
Deelnemer/ Leerder self	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Narratiewe terapie gekombineer met biblioterapie en sandbak-terapie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Tema-analise – verhale word in detail neergeskryf en refleksienotas word ná elke sessie opgeteken. ’n Opsommende paragraaf word opgeteken waarin temas, metafore en konsepte uitgelig word vir die identifisering van bates.</li> </ul>
Klaskamersituasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deelnemende observasie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Veldnotas en die transkribering van veldnotas vir temas, konsepte, metafore vir die identifisering van bates.</li> </ul>



## **Beperkings van die navorsingsontwerp**

Die studie is beperk tot 'n enkele gevallestudie – 'n voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid. Gevallestudienavorsing het tot gevolg dat verskeie metodologiese probleme na vore kom wat die volgende insluit:

- Die navorsers raak betrokke of beïnvloed die gebeure of deelnemer.
- Probleme wat voortspruit uit die onderskeiding van data en die navorsers se interpretasie van die data.
- Dit is algemeen dat sekere eienskappe van die leerder binne die grense van die geval lê en ander eienskappe kenmerkend van die konteks is. Dit is dikwels moeilik vir navorsers om tussen die leerder en sy omgewing te onderskei.

Deelnemende observasie is kompleks en tydrowend en kan die navorsers se voltydse aandag vir maande vaspen. Inligting wat slegs uit die fokusgroepe verkry is, kan ook nie vir veralgemening gebruik word nie. Die data voorsien nie kenmerkende of projekterende inligting vir die hele gemeenskap nie. Data vanuit die fokusgroepe was ook moeilik om te analiseer, want die response van die deelnemers moes binne die sosiale omgewing gekonstrueer word. Vooroordeel en subjektiwiteit word ook dikwels met fokusgroepe geassosieer, maar word tog ook gebalanseer deur die gebondenheid van die gevallestudie. Daar is ook gepoog om dit uit te skakel deur gebruik te maak van veelvuldige metodes en tegnieke van data-insameling en -analiserig.

## **RESULTATE**

### **Gesprekvoering met die ouers**

Tydens 'n gespreksessie met die ouers is die 40 Ontwikkelingsbates, soos uiteengesit in die werksboek van Roehlkepartain en Leffert (2000), aan die ouers voorgehou. Dit het as riglyn vir die identifisering van bates en batebouing gedien. Die ouers is deur die intervensieproses begelei (deur die terapeute, die navorsers en die onderwyseres) om die legio moontlikhede in die leerder waar te neem.

### **Die moeder se herdefinisie**

Die moeder se alternatiewe storie lui soos volg: “Die Wonderkind. Ek dink my kind se lewe is in die hande van God en as sy kind is Hy baie lief vir haar en wil Hy net die beste vir haar hê, en dit wat Hy vir haar gee, moet ons baie dankbaar voor wees. Ons moet berus by die besluite wat Hy vir haar lewe neem.”

Op die vraag oor hoe die proses haar perspektief gegee het, het sy soos volg geantwoord: “Die proses het my gehelp om spoed te kry en ander dinge in haar raak te sien. Nou kan ek aan al haar spesiale uniekhede dink. Sy raak ook nou betrokke by die gesin. Sy is 'n “Super Star” wat kan sing, klavier gaan speel en musiek kan maak. Sy is baie nootvas en onthou woorde baie maklik.”

### **Die vader se herdefinisie**


Die vader het genoem dat hy vir sy kind 'n nuwe toekomsvisie ontdek het, maar vir homself het hy nog nie by die punt gekom waar hy kan sê hy is 'n heel mens nie. Ten opsigte van die leerder kon hy wel sê: “Sy is 'n spontane en vriendelike kind, vrolik en pragtig. Sy is 'n intelligente kind, 'n kind met 'n gestremdheid.”



Die ouers se persepsies het vanaf 'n gevoel van magteloosheid, hulpeloosheid en verbittering oor die toekoms na 'n gevoel van entoesiasme vir hulle kind se toekoms verskuif. Hulle het haar geneem vir kindermusiek, nagelees oor perdry vir gestremdes en haar vir lesse begin neem. Hulle neem haar ook na afloop van die studie vir swemlesse. Deur die proses van bate-identifisering het die ouers tot die besef gekom dat die leerder se bates meer is as haar gestremdheid. Tydens die kwartaallikse werkswinkel (Oktober 2002) wat deur die fisioterapeutiese afdeling van die skool aangebied is, is die ouers gevra om hul verhaal met die ander ouers te deel. Die moeder kon die volgende ten opsigte van die bate-identifiseringsproses noem: “Daar is baie meer om voor dankbaar en bly te wees; en as ek dit opweeg, is die loop maar net so 'n ou klein deeltjie van my kind. Dit is net jammer dat 'n mens nie altyd van die begin af met al die kennis, wysheid en krag toegerus word om sekere dinge in jou lewe te verwerk en oorbrug nie.”

### “Vriendskapskringe”

Die “Vriendskapskringe”-tegniek (Figuur 1) het gedien as 'n ondersteuningsnetwerk wat die ouers sal ondersteun en bystaan om by die leerder se drome vir die toekoms uit te kom, asook om die ouers se visie vir haar meer konkreet te maak.



**Figuur 1:** “Vriendskapskringe”-tegniek.

Die moeder het uit haar ondervinding van vriende wat ondersteun, die volgende genoem:

Eendag by die werk het 'n vriendin 'n paar woorde gesê wat my lewe en ook my sienswyse van my kind heeltemal verander het. Sy het gesê: “Jou kind kan sien – dink hoe hartseer sou jy gewees het as sy blind ook was, en sy nooit haar mamma se gesig kon sien nie! Jou kind kan hoor – dink hoe hartseer sou jy gewees het as sy nooit haar mamma se stem kon hoor nie! Jou kind kan praat – hoe moeilik sou dit dan nie gewees het as sy nooit kon mamma sê en vir jou liefde vra nie!”

Die volgende gedragsverandering in die leerder is waargeneem:


- Van 'n huilende, geïsoleerde en afhanklike kleuter na 'n vrolike, prettige, laggende en deelnemende kleuter.
- Van 'n onseker leerder wat nie veranderinge kon hanteer nie en wat nie spraak-, arbeids- en fisioterapie toe wou gaan nie na 'n aangepaste leerder wat planne kan maak en oplossings kan vind, wat 'n waaghouding openbaar en nie kan wag vir haar terapie nie.
- Van “Ek kan nie loop nie en ek kan nie...” na “Ek is mooi en vriendelik kyk hoe wip my ponies in die lug. Ek kan”.
- Van 'n swak liggaamsbewustheid na 'n goeie liggaamsbewustheid en aanvaarding.
- Van “Pappa jy moenie loop nie; ek wil jou nog iets sê” na “Tatta; Pappa kan maar gaan; ek en die tannie gaan nou speel”.

### **Kartografiese voorstelling van geïdentifiseerde bates**


'n Lys van bates vir die leerder met serebrale gestremdheid kan nooit as voltooid beskou word nie. Dit is 'n lewenslange proses, en soos wat die leerder ontwikkel en in interaksie met haar gemeenskap tree, word haar bates uitgebrei. In Figuur 2 is die leerder se interne bates gekartografeer. Interne bates word beskou as bates wat intrinsiek tot die leerder/ deelnemer is.

### **Figuur 2: Interne bates**

Nadat die interne bates geïdentifiseer is, was dit noodsaaklik om dit te mobiliseer met die eksterne bates (byvoorbeeld 'n bate is dat sy nootvas is en mooi kan sing en dit word gemobiliseer met kindermusiek en die juniorkoor). Eksterne bates word beskou as hulpbronne en kapasiteite ekstrasiek tot die leerder/deelnemer. In Figuur 3 is die leerder se eksterne bates gekartografeer.



**Figuur 2:** Kartografering van interne bates by voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid



**Figuur 3:** Kartografering van eksterne bates by voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid

### **Figuur 3: Eksterne bates**

Deur die proses is daar aan die ouers gevra om die lys van die 40 Ontwikkelingsbates te neem en daarvolgens te identifiseer wat reeds voor die navorsingsproses by die leerder teenwoordig was. Hulle kon slegs 27,5% identifiseer. Tydens die fokusgroep is 82,5% van die Ontwikkelingsbates geïdentifiseer. Daar is dus 55,5% nuwe bates geïdentifiseer en gemobiliseer. Dit stel die leerder ook in staat om 'n groter bydrae in die gemeenskap te lewer. Sy het begin om ander kinders in die klas te help en te bemoedig. Die ouers is bemagtig deur die proses en lewer 'n positiewe bydra in die gemeenskap.

### **BESPREKING**

Die ouers van leerders met serebrale gestremdheid is nie altyd bewus van dienste en programme wat ondersteuning aan hulle kind kan verskaf nie. Slegs 27% van die 40 Ontwikkelingsbates was aan die begin van die proses by hierdie leerder geïdentifiseer. Deur die proses van bate-identifisering is 55% nuwe bates (intern en ekstern) by die leerder geïdentifiseer en gemobiliseer. Dit ondersteun die idee dat **elke individu oor bates beskik**. Deur die identifisering van bates en die **bemagtiging van die ouers** is voorkomend opgetree deurdat die ouers hulle situasie, asook die leerder se situasie, leer aanvaar het. Die leerder het verskeie sukseservarings beleef as gevolg van die proses. Dit het haar in staat gestel om terug te val op die positiewe ervarings in tye wanneer die bedreigings van 'n nuwe ervaring haar wou oorweldig. Die proses het ook bygedra tot die optimale leerervaring van die leerder. Sy het begin deelneem aan klasaktiwiteite en met ander leerders begin sosialiseer. Dit is belangrik om te beklemtoon dat die bate-gebaseerde benadering 'n deurlopende proses is, deurdat daar voortdurend aan bates gebou word. 'n Kombinasie van intervensie met die ouers, die gemeenskap en die leerder is van kardinale belang. "Intervention strength refers to the ability of a given treatment to change behavior in the desired direction" (Barnett, Bell & Carey 1999:88). Bogenoemde is in hierdie navorsing bereik deurdat die leerder meer positief oor haarself en in haar omgewing begin optree het.

Die ouers se aanvanklike onsekerheid, moedeloosheid en hulpeloosheid het verander in positiewe denke oor die leerder se toekoms en hulle rol as opvoeders. Die ouer-kind-verhouding is ook deur die proses bevorder deurdat die ouers se aanvanklike siening deur die toepassing van die 3R-model verander het. Die uitkomst van die studie (ouers is bemagtig, 'n gedig deur die moeder, "vriendskapskringe"-werkswinkel by die skool, perdry, kindermusiek, swemlesse, die skool-opset en die batelys) kan as instrumente gebruik word vir voortgesette batebouing by die leerder. Bohach (1997:23) noem dat **die wegbeweeg van 'n diensverskaffingsbenadering na 'n bate-gebaseerde benadering nie 'n maklike weg is nie**. Hy noem dat daar bepaalde struikelblokke te wagte kan wees. In hierdie studie is beperkte tyd en 'n geneigdheid om op korttermynoplossings en resultate te fokus, veral as struikelblokke beleef. Dit het ook geblyk dat die gemeenskap en die individue oor beperkte kennis en blootstelling aan die bate-gebaseerde benadering beskik, en daar is dus baie tyd aan die verduideliking van die benadering spandeer. Die belangrikheid van werkswinkels waar die bate-gebaseerde benadering aan 'n breë gemeenskap bekend gestel kan word, kom hier ter sprake. Wanneer die beginsels van die benadering egter verstaan word, is daar ook sprake van 'n rimpeleffek wat kompenseer vir die aansienlike aanvanklike insette ter verduideliking.

Koste-effektiwiteit in die praktyk is nog 'n kompliserende aspek. Die tyd wat dit neem om 'n intervensie uit te voer kan as 'n belangrike bepaler vir die koste-effektiwiteit van 'n intervensie dien. Die koste-effektiwiteit by hierdie navorsing lê daarin dat die ouers gehelp is om deur die proses van bate-identifisering asook die "Vriendskapskringe" genoeg ondersteuningsisteme te identifiseer wat hulle in die toekoms kan benut. Die langtermynvoordele van die proses kan dus beskou word as 'n

gunstige faktor in terme van koste-effektiwiteit. Dit sal egter deur verdere studies ondersoek moet word.

Die enkele gevallestudie het bygedra tot die studie se kennisbasis. Spesifieke ervarings van die leerder en ander deelnemers en informante kon vasgevang word. Die sisteem, konteks en situasies wat die leefwêreld van die leerder omring, kon onthul word en is ook wederkerig aan die deelnemers uitgelig. Leerders met serebrale gestremdheid het steeds 'n verskeidenheid van behoeftes, ten spyte van 'n sterker beklemtoning van bates. Hierdie diversiteit vereis 'n graad van individualiteit. Daarom was die gebruik van 'n gevallestudie vir hierdie studie, metodologies 'n effektiewe keuse. Daar kon 'n diepgaande studie van die verskynsel gemaak word en die leerder se bates kon geëksploreer word. Alhoewel daar steeds heelwat navorsing rakende die bate-gebaseerde benadering gedoen moet word, is daar aanduiding uit hierdie studie dat die bate-gebaseerde benadering in hierdie geval bygedra het tot:

- Groter huislike stabiliteit.
- Die verhoging van persoonlike bekwaamheid.
- 'n Verhoging in gemeenskapsbetrokkenheid.
- Die versterking van die welsyn van 'n leerder.

## SLOT

Die soeke na alternatiewe konstruksies (bates en sterk punte) kan 'n bydrae lewer in 'n toenemende komplekse begrip van leerders met serebrale gestremdheid. Die doel van hierdie navorsing was om bates by 'n voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid te identifiseer. Die studie het aangetoon dat 'n verskeidenheid bates by 'n leerder met serebrale gestremdheid geïdentifiseer kan word en dat die inherente prosesse van bate-identifisering mobiliserend en bemagtigend kan wees.

## EINDNOTAS

1. In hierdie artikel word “serebrale gestremdheid” beskou as 'n gestremdheid wat 'n vorm van kongenitale verlamming behels. Koördinasieprobleme wat 'n gevolg van breinbeskadiging, suurstoftekorte of virale infeksie is, is veral ter sprake.
2. “Buitengewone onderwys” verwys in hierdie artikel na skole wat gekenmerk word deur lae onderwyser-leerder ratio's, gefokusde steun aan leerders met gestremdhede en terapeutiese dienste wat op die terrein beskikbaar is vir leerders met gestremdhede.

## BIBLIOGRAFIE

- Barnett, D.W., Bell, S.H. & Carey, K.T. 1999. *Designing preschool interventions: a practitioner's guide*. New York: The Guilford Press.
- Bloor, M., Frankland, J., Thomas, M. & Robson, K. 2001. *Focus groups in social research: introducing qualitative methods*. Thousand Oaks: Sage Publications.
- Bohach, A. 1997. Fundamental principles of asset-based community development. *The Journal of Volunteer Administration*, 15(14):22-29.
- Briedenhann, H. 2003. Identifisering van bates by 'n voorskoolse leerder met serebrale gestremdheid. Ongepubliseerde MEd-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- Connor, F.P., Williamson, G.G. & Siapp, J.P. 1978. *Program guide for infants and toddlers with neuromotor and other developmental disabilities*. New York: Teachers College Press.
- Creswell, J. 1998. *Qualitative inquiry and research design: choosing among five traditions*. London: Sage Publications.

- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. *Handbook of qualitative research* (2<sup>nd</sup> edition). London: Sage Publications.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M. & Schurink, M.E. 1998. *Research at grass roots: a primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 1997. *Educational psychology in social context: challenges of development, social issues, and special need in Southern Africa*. Cape Town: Oxford University Press.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. *Educational psychology in social context* (2<sup>nd</sup> edition). Cape Town: Oxford University Press.
- Ebersöhn, L. & Eloff, I. 2003. *Lifeskills and assets*. Pretoria: Van Schaik.
- Eloff, I. & Ebersöhn, L. 2001. The implications of the asset-based approach to early intervention. *Perspectives in Education*, 19(3):147-157.
- Goleman, D. 1995. *Emotional intelligence: why it can matter more than IQ*. London: Bloomsbury Publishing.
- Guralnick, M.J. (Ed.). 1997. *The effectiveness of early intervention*. Baltimore: P.H. Brooks Publishing.
- Hein, K. 1999. Young people as assets: a foundation view. *Social Policy*, 30(1):1-10.
- Holmstrom, D. 1996. Asset-building a city mobilizes around kids. *Christian Science Monitor*, 88(2):38.
- Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. 1993. *Building communities from the inside out: a path toward finding and mobilizing a community's assets*. Chicago: ACTA Publications.
- Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. 1996. *A guide to mapping and mobilizing the economic capacities of local residents: a community-building workbook from the asset-based community development institute*. Chicago: ACTA Publications.
- Leedy, P.D. 1997. *Practical research: planning and design* (6<sup>th</sup> edition). New Jersey: Macmillan Publishing Company.
- Le Roux, R. & De Klerk, R. 2001. *Emotional intelligence workbook: the all-in-one guide for optimal personal growth*. Pretoria: Human & Rousseau.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 1997. *Research in education: a conceptual introduction* (4<sup>th</sup> edition). New York: Addison-Wesley Educational Publishers.
- Orford, J. 1993. *Community psychology: theory and practice*. New York: John Wiley & Sons.
- Roehlkepartain, J.L. & Leffert, N. 2000. *What young children need to succeed: working together to build assets from birth to age 11*. Minneapolis: Free Spirit Publishing.
- Roehlkepartain, J.L. & Leffert, N. 2000. A leaders's guide to what young children need to succeed: Working together to build assets from birth to age 11. Minneapolis: Free Spirit Publishing.
- Savoie, C. 2000. A focus on assets to help students prosper. *Christian Science Monitor*, 92(1):85.
- Sharpe, P.A. & Greany, M.I. 2000. Health promotion: community development. *Public Health Reports*, 115(3):205-211.
- Shonkoff, J.P. & Meisels, S.J. (ed.). 2000. *Handbook of early childhood intervention*. Cambridge University Press.
- Smuts, E. 2004. 'n Narratiewe lewensgeskiedenis oor die manifestasie van bates by 'n kleuter met spina bifida miëlomeningoseel. Ongepubliseerde M Ed-skripsie, Universiteit van Pretoria.
- Snow, L.K. 2001. *Community transformation: turning threats into opportunities*. Madison: ACTA Publications.
- Wilson, R.A. 1998. *Special educational needs in the early years: teaching and learning in the first 3 years of school*. New York: Routledge.
- Zimmerman, J.L. & Dickenson, V.C. 2001. Narrative therapy. In Corsini, R.J. (ed.). *Handbook of innovative therapy*. New York: John Wiley & Sons.